ZIPLOC OMELET
Dit werk rerig !!! Veral as jy op ‘n spankamp is, en waar het jy al ooit gehoor van ‘n omelet op ‘n Voortrekkerkamp?

Laat elke persoon sy naam op die Ziploc sakkie met permanente ink skryf, netnou kry jy iemand anders se omelet.

Breek 2 eiers in die sakkie (nie meer as twee nie) en skud dit goed. Plaas ‘n verkeidenheid bestanddele in jou sakkie saam met die eier soos bv. Ham, uie, kaas, tamatie, worsies ens. Skud weer goed sodat alles kan meng.

Maak seker dat al die lug uit die sakkie is en maak hom dig toe.
Plaas die sakkies in ‘n pot met kookwater en kook vir 13 minute.

Maak die sakkie oop en die omelet sal maklik uitrol op jou bord.

Smaaklik ete!!!!